YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**WETENSKAPLIKE BYDRAES**
**REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 193**

# Die wêreld van koerante – ‘n flitstoer deur ‘n eeu van voorblaaie

Tekweergawe van ‘n visuele intreerede gelewer op 19 Augustus 2005 as hoogleraar in Kommunikasiestudies, Skool vir Kommunikasiestudies, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika.

**Prof JD Froneman**

**Intreerede gehou op 19 Augustus 2005**

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 2005 NWU

**ISBN** 1-86822-498-8

# Inleiding

My betrokkenheid by koerante die afgelope meer as veertig jaar was en is dié van koerantleser, joernalis en akademikus, maar veral as 'n liefhebber van koerante. Dus as gebruiker, praktisyn, dosent en navorser; daarom ook as kritikus wat soms wanhoop aan dit wat aan ons opgedis word (Froneman, 2002a; 2004a; Froneman & Swanepoel, 2004). Ek voel daarom ook sterk oor die noodsaak vir debat oor media-etiek en vir groter kundigheid en sensitiwiteit by lesers (Froneman, 1981; 1993a; 1994a; 1996; 1997a; 2002b; 2002c; 2005a; Froneman & De Beer, 1993a; 1998). Maar in eerste en laaste instansie *boei* koerante my; ek staan in verwondering oor die vermoë van hierdie medium om reeds vir meer as drie eeue lank geslagte van lesers wêreldwyd te interesseer. Oor die wêreld heen beloop koerante se sirkulasie tans 395 miljoen [*Time*, 13 Junie 2005:14]. Dit beteken dat, teen 3 lesers per koerant, sowat 1 200 miljoen mense gereeld, selfs daagliks, `n koerant lees. Dit is dalk minder as TV-kykers, maar steeds 'n betekenisvolle getal, veral omdat dit 'n bietjie inspanning verg.

Koerante trek lesers deur hulle

- in te lig,
- te oriënteer in 'n snel veranderende wêreld (vgl. Van Vlastuin & Froneman, 1999; 2002),
- perspektiewe oop te breek (vgl. Froneman, 2000a),
- te betrek by allerlei aktiwiteite,
- deel te laat voel van 'n groter geheel (of dit nou taal-, etniese of godsdiensstige groep is, nasie of 'n groter mensheid)(vgl. Froneman & De Beer, 1994; Froneman, 1998a),
- deur hulle toenemend ook te vermaak (Froneman, 2004b) *en*

- deur aan hulle 'n agenda voor te hou van waar en hoe jy diensbaar kan wees (Froneman & De Beer, 1993b; Froneman, 2004c).

'n Blik op die wêreld van koerante behels veel meer as die voor die hand liggende nuusdimensie. My reis deur die wêreld van koerante het as kind begin by iets so onbelangriks as die uitslag van die vorige aand se sokkerwedstryd, maar berigte oor die groot nuusgebeure van die dag was nog altyd die groot magneet. Nuus maak steeds koerante wat hulle is, al het die radio en 24-uur-televisiekanale koerante die afgelope 25 jaar toenemend vervang as aanvanklike boodskapper van die groot, brekende nuusstories (vgl. Froneman, 2000b).

Waar koerante 'n honderd jaar gelede die enigste massamedium was wat nuus aangebied het, is dit ondanks ander media steeds die medium van rekord, die plek waar nuus regtig (stuk vir stuk) vasgevang word (Froneman, 2002c). Of so verkies ek om te glo, want waarom is dit dan so dat TV-reekse en rolprente steeds die nuus oor gebeure in 'n koerant as "bewys" voorhou van die "feit" dat dit regtig gebeur het (Froneman, 2000c)?

Maar ek wil u nooi om ook ander fasette van hierdie wêreld saam met my te verken op hierdie flitstoer deur 'n eeu van Suid-Afrikaanse koerantvoorblaaie. Buiten vir enkele groot, eenmalige nuusgebeure wat ons geskok het, wil ek enkele flitse gee van koerante as onvervangbare draers *en* makers van die ontvouende geskiedenis (Naudé & Froneman, 2003); van koerante as visuele produkte; van koerante as kommersiële produkte wat kom en gaan (Froneman, 1993b; 1993c), wat verander en, in bepaalde opsigte, tog dieselfde bly (Froneman, 1995a; 1997b); wat sus en aanstoot gee (soms met opset). Daar is ook dié wat doelbewus en met groot sorg gestalte gee aan bepaalde lewens- en wêreldbeskouings (Froneman, 1992;

1994b; 1995b; 2003a), terwyl ander dit in die naam van "objektiwiteit" onbewus, maar nie minder effektief nie, doen.

Alle joernalistiek is fundamenteel subjektief van aard. Alle lees en interpretasie van wat koerante is (of behoort te wees) is eweneens gekleur deur wie ons is, wat ons glo (of nie glo nie) en hoe ons kies om na die wêreld om ons te kyk (Froneman, 1997c). Hierdie aanbieding het eweneens 'n subjektiewe karakter. Die voorbeelde is eklekties uit my persoonlike versameling gehaal en verteenwoordig wat ter hand is. Ek wou met opset nie in argiewe gaan rondsoek nie; die voorbeelde verteenwoordig juis dit wat ek deur die jare raakgeloop het en interessant genoeg geag het om te bewaar. Dit is 'n voorbladgeskiedenis in die kleine, 'n persoonlike geskiedenis van Suid-Afrikaanse koerante van die afgelope eeu, my wêreld van koerante.

Waarom dan 'n "eeu van koerante"? Suid-Afrikaanse koerante dateer immers terug na 1800 en Afrikaanse koerante na 1875, verskeie Engelstalige dagblaaie het al in die negentiende eeu hul ontstaan gehad en Naspers, die dominante uitgewer van Afrikaanse koerante en tydskrifte, is "net" negentig jaar oud. Maar ons is produkte van die twintigste eeu. Die eeu het ons land en ook die medialandskap gevorm tot wat dit vandag is. Om die koerantwêreld van die twintigste eeu te verken, is om iets te probeer snap van *vandag* se koerante en hoe ons leefwêreld verander het.

Ek bied hierdie flitstoer onder die volgende opskrifte aan:

- Koerante as draers van die groot nuus;
- Koerante as bloedhonde
- Koerante as artikuleerders van ons emosies;
- Koerante as omstrede hekwagters;
- Koerante en koerantmense as nuus;

BORSALINO-HOEDE

Viljoens

Telefoon 3617.

# Die Volksblad

Laat Uitgawe

62ste JAAR — BLOEMFONTEIN, DINSDAG 6 SEPTEMBER 1966 — Prys 4c

Van Dy... STANDA... Kerkstraat 10. MEUBELHUIS.

# DR. VERWOERD VERMOO...

## BODE STEEK HOM MET DOLK

## Aangrypende tonele in Volksraad



**Spesiale Uitgawe**

'N SPESIALE uitgawe van Die Volksblad oor die noodlottige verwonding van dr. Verwoerd sal later vanmiddag in ...

Parlementêre Beriggewer en Sapa

KAAPSTAD.

DR. H. F. VERWOERD is vanmiddag in sy bank in die Volksraad met 'n dolk vermoor. Hy het gesterf n rukkie ... uit die Volksraadsaal verwyder is.

---

Ons eie TV-prinses - 32

# Rapport

R4,50 (BTW ingesluit)

O, Moord! - 3

SONDAG, 26 JULIE 1998



Musketier-dominees - 5

Wet vir huismolesteste - 13

Kry vandag jou nuwe kar

Kry Sondag jou nuwe kaart

Die wendrie

# Manjifiek, Bokke...



## 'Bull' se boedel-geskenk aan klub

Deur ANNEMARIE VAN WYK
Kaapstad

DIE multimiljoenêr-sakeman en oud-Sp... rugbyspeler en rugbybaas van die Weste... vinsie, mnr. Jan "Bull" Pickard, wat op 3... 'n lang siekte oorlede is, het in sy boede... bemaak aan die klublede en bestuur van... miljoens rugbyklub in Kaapstad om 'n d... twee ná sy dood te geniet.

Pickard, wat sestien jaar aan Parkinso... gely het, het 'n reuse-sakeryk opgebou m... meer belange in eiendom, die drankb...

- Koerante as visuele produkte; en
- Koerante as draers van 'n boodskap.

## Koerante as draers van die groot nuus

Koerante trek ons aan omdat hulle ons vertel van die gebeure wat ons lewens regtig raak. Vra mens na die grootste nuusstories van die afgelope eeu, sal die sluiting van vrede ná die Tweede Vryheidsoorlog in 1902 die twee wêreldoorloë (1919 en 1945) seker hoog op die lys van goeienuusstories wees. Hier is nog vier goeienuusstories wat hoog op die lys moet staan:

Een van die mens se grootste triomfe van die afgelope eeu: **Mense op die maan** (*Die Transvaler*, 21 Julie 1969); die eerste foto van Nelson Mandela pas voor sy vrylating: **Here he is!** (*Sunday Times*, 11 Februarie 1990); en die pad na demokratisering in Suid-Afrika: **''n Wonderwerk'** (*Beeld*, 20 April 1994).

En vir 'n land wat lief is vir sport, hierdie een wat internasionale rugby-, sokker- en krieketprestasies en saamvat: **A nation of champions** (*Sunday Times*, 4 Februarie 1996) ...en heenwys op die groot sokkereindtoernooi wat in 2010 in Suid-Afrika gehou gaan word: **Halala SA!** (*Rapport*, 16 Mei 2004).

Maar nuus is geneig om meer dikwels op die negatiewe te fokus, juis omdat dit ons so regstreeks kan raak. Daarom was die terreuraanvalle op New York (**'This is war'**, *The Star*, 12 September 2001) en meer onlangs in Londen (**London terror,** *The Citizen,* 8 Julie 2005) nie net aangrypend nie, maar het dit ons ook herinner aan ons eie verlede waar terrorisme en geweld

dikwels die voorblaaie oorheers het: **Oproeriges vasgevat**, *Die Burger*,4 September 1976) .

Die moord op bekende staatshoofde en politieke leiers, hier en oorsee, was beslissende oomblikke, soos: **Dr. Verwoerd vermoor** (*Die Volksblad*, 6 September 1966); **Kennedy vermoor** (*Die Burger*, 23 November 1963); en **How Hani died** (*Sunday Times*, 11 April 1993). Ook die dood van bekendes is met groot prominensie aangekondig: **Marike se gru-dood** (*Beeld*, 6 Desember 2001) en **Bles se laaste oomblikke** (*Rapport*, 26 Maart 2000).

Twee van die treffendste opskrifte was dié by die dood van oud-president John Vorster en Walter Sisulu: **'Gaan, ek wil rus...'** (*Beeld*, 12 September 1983) en **Walter, what do I do without you?** (*Sunday Times*, 18 Mei 2003).

Ander politieke leiers wat die voorblaaie vir negatiewe redes gehaal het, was Eugene TerreBlanche en Jacob Zuma: **The fallen idol** (*Sunday Sun*, 8 Januarie 1989) en **Fire me, Zuma dares Mbeki** (*Sunday Times*, 12 Junie 2005).

Die twee mees prominente langtermynstories was dié van die opkoms en val van die Nasionale Party en die pad na demokrasie van 1990-94 en verder. In 1948 kondig *Die Burger* aan: **Nasionale Party aan die bewind!** en word 'n belangrike hoofstuk in ons geskiedenis ingelui, ook vir die geskiedenis van die koerantwese. Talle verkiesingsoorwinnings volg, maar woelinge begin in alle erns in 1969 met die stigting van die HNP. Dan volg die een opskrif na die ander: **Dit kook steeds** (*Die Transvaler,* 11 Maart 1980); **Dis vrede in NP** (*Die Transvaler*, 12 Maart 1980), en twee jaar later: **Nats split** (*The Argus*, 24 February 1982). 'n Referendum-oorwinning volg: **Ja! Ja! Ja!** (*Die Volksblad*, 3 November 1983) en **Nuwe era vir SA** (*Beeld*, 8 Mei 1987), maar die omwenteling wat volg op F. W. de Klerk se

aankondiging van 2 Februarie 1990, was die begin van die einde van die party wat ons nuustoneel vir veertig jaar lank oorheers het: **P.W. los N.P.** (*Rapport*, 6 Mei 1990), en **Die Party is verby** (*Beeld*, 16 April 2004).

Die grootste ontvouende storie van die afgelope eeu, was egter die oorgang van apartheid na 'n eenheidsdemokrasie. Saamgevat het dit so gebeur: **FW opens doors to freedom** (*The Star*, 2 Februarie 1990); **Apartheid is begrawe** (*Beeld*, 2 Februarie 1991); **Birth of the new SA** (*The Star*, 18 November 1993); **Final Rubicon crossed** (*The Star*, 20 April 1994); **On a knife edge** (*Sunday Times*, 15 Maart 1992); **'Ons vat hulle saam hel toe'** (*Beeld*, 30 Junie 1992); **Choas en verwoesting** (*Beeld*, 15 April 1993) en **'Alles sal regkom...'** (*Beeld*, 27 April 1994).

In die daaropvolgende verkiesings het dit inderdaad veel rustiger verloop: **The election queues of peace** (*The Star*, 3 Junie 1999) en **Take a bow, SA** (*The Star*, 15 April 2004). Maar die politieke omwenteling het ook negatiewe gevolge gebring, byvoorbeeld: **Puk se naam (en die CHO) verdwyn** (*Naweek-Beeld*, 21 Junie 2003).

## Die media as bloedhonde

Die mag van die media word soms oorskat. Maar wanneer koerante soos bloedhonde 'n storie vat (soos in die geval van die sogenaamde Inligtingskandaal) het hulle 'n regstreekse invloed op die geskiedenis (vgl. Froneman & De Beer, 1993b). Die *Rand Daily Mail* en *Sunday Express* het, ondanks hardnekkige ontkennings deur die regeringsparty, ongerymdhede oopgevlek. Só is die waarheid van hul reeks onthullings bevestig: **It's all true!** (*Rand Daily Mail*, 3 November 1978).

**CRASH-FLASH**
BARNETTS AUTO SPARES
163 ELOFF STREET EXT. — 838-5681
(REPUBLIC WIDE)
BUY USED — BUY
WELL — BUY BARNETTS
ESTABLISHED FOR OVER 40 YEARS

RAND Daily Mail

LATE FINAL — ANPA WORLD PRESS AWARD 1966

JOHANNESBURG, FRIDAY, NOVEMBER 3, 1978.

Price 12c

CRA...
BARI...
USED TRUCK SPARES

# It's all tru

Daily RAND Mail

## Clean up

SO IT'S OUT in the open at last

All the lies abo the misappropriations and the dishonesty have been exposed

Yesterday's disclosures came as a massive vindication of all this newspaper has published It was an even greater day for the judiciary Every legal man should swell with pride at the courage Mr Justice Mostert showed in resisting the Prime Minister's pressure to silence him and acting according to what he saw to be his duty in the highest interests of his country

Thus in the midst of all this sordid mess, at least the status of both the independent Press and the independent judiciary has been enhanced

And thanks to these two vital institutions in our society, South Africa may now be saved from the skids of corruption which would have carried it to its destruction like some latter-day Roman Empire

Now that these revelations are out, the clean-up can begin

There must be swift action to prosecute all those who on the evidence may have been guilty of criminal conversion of public money

The deceitful enterprises which were launched as a fraud upon the public must be closed down. The taxpayers' money must be paid back Public officials who have betrayed their positions of trust must be removed from office Especially Dr Connie Mulder, who so patently misled Parliament when he gave it a bald-faced assurance last May 10 that "the Department of Information and the Government do not give funds to The Citizen."

By MERVYN REES

**SOUTH AFRICA's biggest political bombshell burst yesterday when Mr Justice Anton Mostert made public startling evidence which has confirmed reports in the Rand Daily Mail and Sunday Express of massive misuse of public money through Department of Information secret funds.**

Judge Mostert released evidence which shows beyond doubt that The Citizen newspaper was financed out of State funds

**And in evidence under oath, Mr Louis Luyt named the former Prime Minister, Mr Vorster, the Minister of Plural Relations, Dr Connie Mulder, and General Hendrik van den Bergh, former head of the Bureau of State Security, as key figures in the secret project to finance the newspaper.**

### A sad day for SA, says Eglin

This was in direct conflict with public denials on the issue made by Mr Luyt, Dr Mulder and General Van Den Bergh who was appointed by Mr Vorster, then Prime Minister, to investigate secret projects of the Department of Information

Mr Luyt also said that before The Citizen project



## Bitter ... in Pre...

By Mervyn Rees

AN UNPRECEDENTED row broke out yesterday between Mr Justice Anton Mostert and the Prime Minister Mr P W Botha, over his decision to make public evidence given to him on the Department of Information scandal

Judge Mostert, who sits on the Natal bench and left the Transvaal a few years ago after being appointed as one of South Africa's youngest judges was called to the Union Buildings yesterday for a meeting with Mr Botha after he said he was considering making public the evidence given to him

Before going into the meeting, Judge Mostert looked relaxed as he joked with the Minister of Finance, Senator Owen Horwood who attended the meeting with him.

...tert released ... at a Press con... said in a prep... ment "I have ... sance of the Pr... ter's appeal ... and in the Press...

"Coming as ... the Prime Minis... peal is entitled ... consideration B... not release me... duty of examin... gency of the Pr... ter's arguments ...

"I have ende... discover what p... terest of the St... ered by suppres... temporary rath... closure of the ev...

"I have been ... none"

After the jud... conference and ... afternoon news... published the ev... Botha issued a ...

---

*'Die blomme wat Hy graag wou hê, het Hy gepluk' - Ds. Pieter van der Merwe by die begrafnis van die rampkinders.*

Beeld

BY DIE POSKANTOOR AS NUUSBLAD GEREGISTREER
DINSDAG, 2 APRIL 1985 ELFDE JAARGANG
PRYS 30c LUGVRAG 60c NATAL 40c

# Is daar nog trane?



*Beeld*, wat die storie tot op daardie tydstip grootliks vermy het, moes dit noodgedwonge by die naam noem: **Swendelary** (*Beeld*, 3 November 1978). Dit het uiteindelik die einde van sowel eerste minister en latere president John Vorster, as minister Connie Mulder se loopbane beteken: **Mulder uit** (*Beeld*, 8 November 1978); **Mulder: Vorster lieg** (*Rapport*, 25 Maart 1979); en **Vorster resigns as President** (*Evening Post*, 4 Junie 1979).

## Koerante as artikuleerders van ons emosies

Koerante reflekteer nie net die nuus nie, maar verwoord ook ons emosies oor gebeure. Enkele voorbeelde hiervan is dié voorblad by die dood van dr. H.F. Verwoerd: **'n Bewoë volk langs sy laaste pad** (*Die Vaderland*, 10 September 1966). Beeld se hoofopskrif by die uittrede van mnr. John Vorster as eerste minister was: **'n Hartseer S.A.** (*Beeld*, 21 September 1978). Lady Diana, die Prinses van Wallis, se dood is wêreldwyd, maar ook in Suid-Afrika, met skok begroet: **Stomgeslaan** (*Beeld*, 1 September 1997). En so was die opskrif oor Hansie Cronjé se val 'n emosionele uitroep wat veel meer was as blote nuus: **Oh, Hansie** (*The Citizen*, 12 April 2000). Dieselfde geld vir *Beeld* se opskrif in 1985 toe 'n week se voorbladopskrifte ná die Westdene-busramp afgesluit is met dié vraag: **Is daar nog trane?** (*Beeld*, 2 April 1985).

## Koerante as omstrede hekwagters

Nie almal stem elke dag saam met dit wat hul gunstelingkoerant as die belangrikste nuus van die dag aanbied nie. Veral Afrikaanse koerante het die moeilike taak om uiteenlopende lesersgehore in 'n enkele uitgawe tevrede te probeer hou (Froneman, 2005b); daarenteen is daar 'n groter spektrum van

Engelssprekende koerante wat groter toespitsing op bepaalde marksegmente moontlik maak.

Die enigste Afrikaanse Sondagblad kies om lesers wat in rugby belangstel (maar dalk nie in soveel ander sake nie) gereeld 'n rugbyvoorblad te gee (vgl. Naudé & Froneman, 2003), byvoorbeeld: **Manjifiek, Bokke** (*Rapport*, 26 Julie 1998), en **Rugbyskande** (*Rapport*, 11 Augustus 2002).

Sommige koerante berig gereeld met groot voorbladprominensie oor die private lewens van bekendes, byvoorbeeld: **Deur sleutelgat by ET en Jani** (*Beeld*, 22 Julie 1992); **Winnie's love letters reveals all** (*Sunday* Star, 6 September 1992); **Charles en sy Di uiteen** (*Die Burger*, 10 Desember 1992); **Steve H. weer liefdespa** (*Rapport*, 3 Oktober 1993); **FW en sy ryk Griekse liefde** (*Beeld*, 29 Januarie 1998) en **Skatryk liefde vir Amanda** (*Rapport*, 20 Junie 2004).

Na die aanvanklike prominensie wat aan die TV-realiteitsreeks Big Brother gegee is, byvoorbeeld:
**Brad se donker verlede** (*Beeld*, 28 Augustus 2001) het koerantdekking van realiteit-TV getaan, maar daar was in die jongste jare 'n opbloei in populistiese koerante wat swaar klem laat val op die triviale. Later meer hieroor.

As hekwagters, waak joernaliste met wisselende sukses oor die waarheidsgehalte van voorbladnuus. Meermale kom die waarheid stuk-stuk aan die lig (Froneman, 2002c). Die inligting tot hul beskikking is bepalend, soos uit die voorbeelde blyk: **Koornhof sê dis nie sy baba** (*Beeld*, 18 Januarie 1993), maar **'Ek is Maria se pa'** (*Beeld*, 24 September 1993).

Soms neem dit langer vir die waarheid om aan die lig te kom, soos hierdie twee voorbeelde getuig: **Biko went crazy: cops** (*Post*, 16 November 1977) en **Ex-cop tells how Biko was beaten** (*Sowetan*, 11 September 1997).

Bewerings van leuens is selde so blatant gedoen as in hierdie twee gevalle: **FW's three lies** (*Weekly Mail & Guardian*, 11 tot 17 Februarie 1994) en **Oh dear, Mr Vlok, you lied** (*The Weekly Mail*, 26 Julie tot 1 Augustus 1991).

Die media was ook draers van beloftes wat nie die toets van die tyd kon deurstaan nie. Twee voorbeelde: **Mugabe beloof vrede** (*Die Burger*, 5 Maart 1980) en **Afrikaans behou status** (*Beeld*, 11 November 1993).

Uiteindelik sou mens kon sê dat koerante mede-spelers was en is wat deur hul hekwagterfunksie en agendastelling meer as bloot 'n spieël opgehou het (Froneman, 2000d).

## Koerante en koerantmense as nuus

Koerante is primêr draers van nuus, maar Suid-Afrikaanse koerantmense en die koerantbedryf was self van tyd tot tyd in die nuus. Só berig *Die Transvaler* in die oorlogsjare: **Soldate-aanvalle op Afrikaanse koerante** (*Die Transvaler*, 3 Februarie 1941), terwyl koerantmanne deur die jare meermale die teiken was van kritici en daardeur self in die nuus was: **Dr. Ras Beyers skiet op koerantmanne** (*Sondagstem*, 29 Januarie 1967); **Freed! Qoboza is released** (*Sunday Post*, 12 Maart 1978); en **Top Nat editor out** (*Sunday Times*, 8 Maart 1987).

Redakteurs van verskeie koerante het die afgelope eeu hul werk verloor, terwyl enkele in die tuig gesterf het. Vir min was 'n opskrif soos dié beskore: **Ons redakteur is dood, die stad rou...** (*Noordwes Rekord*, 10-11 Oktober 2002). Die ontslape redakteur, Doret Jansen, het joernaliste van die gemeenskapspers trots gemaak om haar as kollega te hê omdat sy 'n

THE *The paper for a changing South Africa*

# WEEKLY MAIL

*R2,20 (R1,95 + 25c GST) ★Southern Africa· R2,20 excl. tax* *Vol. 7, No. 29. July 26 to August 1 1991*

**The search for the sex-starved, radioactive goats**
Our special section on science and technology uncovers some curious quirks PAGE 19

**The artists in the flying taxis**
A taxi-driver argues eloquently that he and his wild colleagues are sorely misunderstood PAGE 7



**A chemical war on the factory floor**
Our monthly focus on green issues looks at chemical hazards in the work-place PAGE 7

THE FUNDING SCANDAL



# Oh dear, Mr Vlok, you lied

You said on television that 'each and every cent' of the covert funding had been accounted for. Today we publish evidence that you were so worried about missing money that your department launched a secret investigation ... which failed to trace the cash

AND SOME OTHER REVELATIONS IN THIS ISSUE ....

1 A conservative student union plotted with police to counter leftwing groups PAGE 5

2 An elaborate series of police hoaxes almost prevented Nelson Mandela's peace call PAGE 3

3 Our documents name five senior Inkatha officials who knew of the secret funds PAGE 2

4 Police did more than fund the union Uwusa — they helped launch it PAGE 3

5 Inkatha's fall-guy, Zakhele Khumalo, was also involved in the murky Info affair PAGE 5

filosofiese visie gehad het vir die gemeenskapspers (vgl. Froneman & Pretorius, 2000).

Die koerantbedryf is deur die jare merkbaar beïnvloed deur politieke verwikkelinge, maar nooit so regstreeks as toe die staat betrokke geraak het by die stigting van 'n koerant nie. *The Citizen* het só berig oor die nuus, asook die verkoop van die koerant: **Shocks in Info probe** (*The Citizen*, 6 Desember 1978); en **The Citizen is sold to new company** (*The Citizen*, 9 Desember 1978).

Intussen het *Beeld* op die noordelike koeranttoneel verskyn: **Troepe oral op grens** (eerste uitgawe, 16 September 1974). Die blad het hom vasgeloop in 'n verbete poging deur Perskor en sy vier Afrikaanse dagblaaie om hul mark te behou. Later blyk dit dat nie al hierdie pogings om *Beeld* se opmars te stuit wettig was nie: **Persskandaal skok SA** (*Die Burger*, 23 September 1980). Dit het wel nog 'n paar jaar geneem, maar die gevolge was onvermydelik: *Beeld* het die hef in die hand gehad en wou die oggendmark vir homself hê. Vandaar die opskrifte **Koerantmark verdeel** (*Oggendblad*, 9 Februarie 1983) en **Persstryd verby** (*Beeld*, 9 Februarie 1983).

Die gevolg hiervan was eers *Oggendblad* wat moes sluit: **Dis tot siens!** (*Oggendblad*, 19 Februarie 1983), toe *Die Vaderland* (**Jaap jubel oor sege**, 31 Oktober 1985) en uiteindelik ook die *Transvaler* (wat na Pretoria se middagmark uitgewyk het) tien jaar later. Ironies genoeg het die *Transvaler* se laaste voorblad die nuus gedra van die dood van dr. A.P. Treurnicht, wat die denke van die blad se stigterredakteur, dr. H. F. Verwoerd, in vele opsigte lewend gehou het (vgl. Froneman, 1993c;2003b): **Hy wás 'n grote** (*Transvaler*, 23 April 1993). *Beeld* kon intussen vorentoe skiet en homself as winsgewende dagblad vestig: **Beeld deur 100 000** (*Beeld*, 28 Mei 1983).

Die blad waarvan Treurnicht redakteur was, *Hoofstad*, het vroeër reeds gesluit en later ook die *Transvaler* se opvolger, *Metro Weekblad*: **Tot siens** (*Metro Weekblad*, 26 September 1997).

Allerlei redes kan vir koerante se sluiting aangevoer word, soos swak bestuur. Maar die sluiting van genoemde en ander koerante was sekerlik *onder meer* ook die gevolg van die koms van televisie in 1976. Dit het ons lewens vir altyd kom verander: **City's 'incredible' rush for TV sets** (*The Argus*, 5 Januarie 1976).Toe TV boonop advertensies begin dra het, was daar net té veel koerante vir die beperkte advertensies en leserspoel. Daarom het die lys van titels wat moes sluit vinnig aangegroei. Dit sluit in: *The Friend* (1978); *Rand Daily Mail* (laaste uitgawe, 30 April 1985); *Sunday Express* (voorlaaste uitgawe, 17 Maart 1985); *The Daily Mail* (laaste uitgawe, 4 September 1990); *Oosterlig* (laaste uitgawe, 30 April 1993); *New Nation* (laaste uitgawe, 30 Mei 1997); *Sportsday* (laaste uitgawe, 23 September 1999); *This Day* (2003); en *Vrye Weekblad* (laaste uitgawe, 2 Februarie 1994).

Daar was wel nuwelinge wat sukses behaal het, byvoorbeeld die *Daily Sun* (vgl. Froneman, 2004d) en die *Son* (eerste uitgawe, 28 Maart 2003), wat op spoor van *Die Landstem* (26 Oktober 1966) en *Die Volk* (16 Desember 1972) 'n mark aan die onderpunt herontdek het en nuwe lewe aan die geelperstradisie in Suid-Afrika gegee het (vgl. Froneman, 2004b;2004d; 2005b).

## Koerante as visuele produkte

Koerante het deur die jare merkbare visuele veranderinge ondergaan, soos uit die voorbeelde blyk wat tot dusver aangehaal is. Ek lig net enkele uit.

Dagblaaie (bv. die *Cape Argus* van 1895 en *Die Burger* van 1925) het vir lank net advertensies op die voorblad gehad en later beskeie opskrifte (vgl. *Die Suiderstem* van 29 Julie 1939 en die *Diamond Field Advertiser* van 30 Augustus 1947), terwyl gemeenskapskoerante soos die *Potchefstroom Herald* so laat as 1953 nog 'n advertensievoorblad gehad het.

Koerante het toenemend met foto's, grafika en groot, prikkelende opskrifte lesers se aandag probeer trek, byvoorbeeld die *Beeld* (14 Maart 1994) met die skokkende foto van 'n soldaat wat 'n lid van die AWB koelbloedig in Mmabatho doodskiet; *Beeld* (21 Junie 2001) se treffende voorblad oor die sonsverduistering in 2001 en die *Sunday Times*-opskrifte: **Yebo** (*Sunday Times*, 16 Mei 2004) en **Psst, do you want to buy my kidney?** (*Sunday Times*, 29 Oktober 2000).

## Koerante as draers van 'n boodskap

Koerante is draers van nuus, maar by uitstek ook draers van politieke en lewensvisies. Engels- en Afrikaanstalige koerante het hulle die afgelope eeu telkemale skuldig gemaak aan blatante propaganda, 'n gebruik wat rondom die oorgang na 'n demokrasie in 1994 min of meer tot 'n einde gekom het. Koerante het nou 'n veel meer handelsgedrewe ingesteldheid, wat overte politieke ondersteuning vir 'n bepaalde politieke party uitsluit.

Voorbeelde van die soms blatante maar ook subtieler propaganda blyk uit die volgende: **Dit is stemdag: dit is wendag!** (*Die Transvaler*, 5 Oktober 1960); **Staking misluk byna totaal** (*Die Burger*, 30 Mei 1961); en **Triomftog in Soweto** (*Beeld*, 1 September 1979).

Afrikaanse koerante was in vele opsigte onder die hiel van die Afrikanerregering. Hoe erg blyk uit die volgende opskrif: **Afr. blaaie kan N.P. kritiseer** (*Dagbreek en Landstem*, 22 November 1970).

In oorlogstye en die noodtoestande van die 1980's, het wetlike en ander beperkinge koerante soms aktief verhinder om die volle waarheid te skryf (vgl. Froneman & De Beer, 1993a 1994;1998). In een klassieke geval het die *Weekly Mail* 'n uitgawe gepubliseer met leë spasies en swart penstrepe van hul interne sensor. Dit was 'n hoogs effektiewe protes (wat dadelik deur die regering verbied is) en het die *Weekly Mail* as liberale stem van protes bevestig.

Koerante definieer hulself beslis nie net deur hul kritiek nie; hulle streef ook (soms) openlik na hoër ideale, ideale wat 'n lewens- en wêreldbeskouing verwoord en in gehaltekoerante gestalte vind. Dit is hierdie idealisme wat koerante na wonderlike hoogtes kan voer; dit is die gebrek daaraan wat die bedryf afsleep en van koerante net nog 'n kommoditeit maak.

## Slot

Waar laat dit my as individuele joernalis, as koerantliefhebber wat al hoe minder in die plaaslike koerantbedryf iets vind om oor entoesiasties te raak? Ons het nie die moontlikheid van 'n *Reformatorisch Dagblad* of 'n Nederlands Dagblad nie (Froneman, 1994b; 1995b). Maar daar is steeds die realistiese moontlikheid om as individuele joernalis (Froneman, 2002d) as dosent (Froneman, 1998b; 2002e) en as navorser te soek na geleenthede om nie net vaagweg waardegedrewe 'n verskil te probeer maak nie (Froneman, 2004e), maar met volharding en in beskeidenheid in die lig van die Woord te

soek na heel spesifieke maniere om jou liefde vir koerante – of dan sommige van hulle – uit te leef en oor te dra (Froneman, 1998c; 2002f; 2004e; Froneman, Swanepoel & Van Rooyen, 2005). Dit kan in pas met jou geloof gedoen word, anders is dit net nie die moeite werd nie.

## Bibliografie

De Beer A.S. & Froneman, J.D. 1994. The quest for media ethics: an introduction. *Ecquid Novi*, 1994(1).

Froneman, J. D. 1981. Benader pers kundig en eerlik (*Die Kerkbode*, 11 November 1981).

————1992. Kultuur as kommunikasie. Die openbare kommunikasie van die Afrikaner-nasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-24. *Ecquid Novi*, 1992(2).

————1993a. Christenlesers se sê kan verskil maak aan sensasie in koerante (*Die Kerkbode*, 22 Oktober 1993).

————1993b. Sluiting van koerante geen doodsklok vir Afrikaanse joernalistiek. *Ecquid Novi*, 1993(1).

————1993c. Einde van dr. Verwoerd se koerant (*Woord & Daad*, Winter 1993).

————1994a. Redes vir die gebrek aan 'n ingeligte, lewendige debat oor media-etiek in Suid-Afrika. *Ecquid Novi*, 1994(1).

————1994b. In hierdie koerant in sport taboe (*Die Kerkbode*, 6 Mei 1994).

————1995a. Mediatransformasie: ons almal se kans (*Woord & Daad*, Somer 1995).

————1995b. Is 'n Christelike dagblad moontlik? (*Die Kerkblad*, 8 Februarie 1995).

————1996. Die noodsaak van kundige, kritiese mediagebruik. Instituut vir Reformatoriese Studies, PU vir CHO. Potchefstroom.

————1997a.'n Joernalis se pad: slaggate én riglyne. (*Die Gereformeerde Vroueblad*, Oktober 1997).

————1997b. Mediatransformasie dek tafel vir nuwe joernalistiek. *Literator*, 18(3).

————1997c. Towards a Christian model for journalism. *Koers*, 62(1).

————1998a. Consensus building: a new challenge to the media in SA. Dokument voorgelê by die jaarkongres van die SA Kommunikasievereniging, Johannesburg, September 1998.

————1998b. 'n ABC en XYZ van joernalistiek. Uitgegee deur outeur vir gebruik deur eerste- en vierdejaarstudente in die joernalistiek in die Skool vir Kommunikasiestudies. (1998, 2002, 2004)

————1998c. Towards a Christian model for journalism. In: Blomberg, D. & Lambert, I. (eds.), Renewing the mind in learning. Sydney: Centre for the Study of Christianity.

——————2000a. *Christian Forum* (1987-90) — a media initiative in building bridges of understanding between South Africans. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, XXVII:2.

——————2000b. 'n Eeu van masskommunikasie (*Vaalweekblad* se millenniumuitgawe, Januarie 2000).

——————2000c. Koerant as 'n foto (*Noordwes Rekord*, 17-18 Februarie 2000).

——————2000d. Die media as medespeler in die kerklike waterskeidingjaar 1982. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, XXVI:1.

——————2002a. Wat motorskrywers jou nooit vertel nie (*Motors*, *Potchefstroom Herald*, 26 Julie 2002).

——————2002b. Jonges kies Cosmopolitan (*Die Kerkbode*, 15 Februarie 2002).

——————2002c Koerante vertel stuk-stuk die waarheid (*Algemene Kerkbode*, 14 Junie 2002).

——————2002d. Reformational journalism in 'enemy territory'. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 38:1.

——————2002e. Teaching Reformational journalism at the Potchefstroom University for Christian Higher Education. Ede: Christelijke Hogeschool Ede.

——————2002f. Challenges for committed Christians in communication. Proceedings of the International Conference on Ethics in Communication, Ede, The Netherlands, 2002.

——————2003a. 'n Tradisie van soms kritiese joernalistiek (*Stellenbosch Media Forum*, 2003).

——————2003b. Stryd woed tussen Transvaler en Beeld wyl Beeld sy gang gaan (*Potchefstroom Herald 1908-2003*. Bylae tot die *Potchefstroom Herald*).

——————2004a. Son sak oor moraliteit en gehalte (*Kerkbode*, 10 September 2004).

——————2004b. Dominante motiewe in die transformasie van Huisgenoot, 1916-2003. *Ecquid Novi*, 25(1).

——————2004c. Media stel ook 'n agenda vir diens (*Kerkbode*, 9 Julie 2004).

——————2004d.Tabloid Journalism in the aftermath of the apartheid conflict. Referaat gelewer by konferensie oor Christelike perspektiewe op die etiek van kommunikasie in konfliksituasies, Calvin College, Oktober 2004.

——————2004e Versigtig soos slange, opreg soos duiwe. In: Van de Breevaart, P. & Van Woudeberg, M.P., red., Bezielde journalistiek. Ede: Christelijke Hogeschool Ede, Nederland.

Froneman, J.D. 2005a. Vier vryheid deur inspraak aan almal te gee (*Potchefstroom Herald*, 29 April 2005).

————2005b. Die geel gevaar (*Beeld*, 21 April 2005).

Froneman, J.D. & De Beer, A.S. 1993a. Media ethics. Difficult answers to thorny questions In: De Beer, A.S. (ed.), Mass media for the nineties. Pretoria: J.L. van Schaik.

————1993b The Afrikaans press: heading for demise or a constructive role in a plural democracy? *Communicatio*, 1993(2).

————1994. Oproep tot natievorming in een 'nieuw' zuid-afrika: de rol van de Afrikaanse pers. *Communicatie*, 1994-95(1).

Froneman, J.D. & De Beer, A.S. 1998. Media ethics. In: De Beer, A.S. (ed.), Mass media for the millennium. Pretoria: J.L. van Schaik.

Froneman, J. D. & Pretorius, K. 2000.Towards a common-sense typology and democratic philosophy for South Africa's community media. *Communicatio*, 26(2).

Froneman, J. D. & Swanepoel, T. 2004. Embedded journalism — more than a conflict-reporting issue. Communicatio, 30(2).

Naudé, A.M.E. & Froneman, J.D. 2003. Trends in news agenda setting by the Sunday Times and Rapport during 2000. *Ecquid Novi*, 24:1.

Time, 13 Junie 2005:14.

Van Vlastuin, E. & Froneman, J.D. 1999. Die hantering van etiese sensitiewe kwessies deur Beeld, Rapport en Die Kerkbode. *Ecquid Novi*, 21:1.

———— 2002. Oriëntatie als journalistieke kerntaak. *Philosophia Reformata*, 2002(2).